

Hoofstuk van die dag: Eksodus 33

> *Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie. (vers 20)*

In vers 11 staan dat die Here direk met Moses gepraat het, soos ’n man met sy vriend. Dit skep die indruk dat Moses vir

God kon sien en ’n mens is lus om jaloers te word. Uit vers 20 is dit duidelik dat Moses Hom nie direk gesien het nie. ’n Wolk het telkens die tent bedek om te verhinder dat Moses God sien (vers 9).

In Eks 24:11 het ons ook gelees dat die leiers God gesien het. Soek ’n mens egter detail oor wat presies hulle gesien het, sal jy teleurgesteld wees, want al wat beskryf word, is die plaveisel onder God se voete (24:10).

Dit is in lyn met wat ons in Eks 33 lees. Kyk gerus ook na 1 Kon 19:11 en Jes 6:1-5. Selfs in Op 4 en 5 waar Johannes in die hemel is, praat hy net van “Iemand” en skryf eerder oor die glans wat Hom omring.

Hebreërs 11:1 herinner ons daarom daaraan dat ons nie deur aanskoue glo nie. En dat die Here Jesus ons prentjie van God is (Heb 1:3) vir Wie ons voor oë moet hou (Heb 12:1-3).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026